## TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

**Naam van gemeente:** Uitenhage-Oos NGK **Sinode:** ***NG Kerk in Oos-Kaapland***

**Belangrik**

**1.** Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.

**2.** Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.

**3.** Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.

4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terugvoervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

### A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
   *[Merk al die blokkies wat van toepassing is]*
   - ☐ Kerkraad
   - ☐ Wyke
   - ☑ Kleingroepe
   - ☑ Lidmate: byeenkoms
   - ☐ Lidmate: individueel
   - ☐ Ander: ........................................

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - ☑ Ja
   - ☐ Nee

### B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Aanvaar glad nie Belhar as 'n belydenisskrif nie. "Dis 'n gekookte ding wat deur mense geskryf is"

("Groei na volle aanvaarding is onaanvaarbaar. Dit moet definitief weggelaat word. Ek is nie gemaklik met die Skrifgebruik in Belhar nie".

Belhar bevat teveel verwysings na apartheid.

Nuwe/ ander voorstelle?

Belhar is slegs 'n middel tot 'n doel - skeur dit maar op.

| C. Die Model |
| --- |

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Dit word van bo af afgeforseer op Kerkrade. Dis 'n doodgebore baba. Hoekom moet die naam verander?

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

## D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Vereniging is nie nodig om lekker saam te werk nie.
Ons leer mekaar so ken.
Ons bedryf dit al jare so.
"Waarvoor is eenheid nodig as ons almal aanvaar?"

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

| E. Versoeningsprosesse |
| --- |

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Die VGK en die NGKA moet eerder versoen voordat ons versoen.
Hoekom versoen die Afrikaanse susterskerke nie eerder eers onder mekaar nie
NGK lidmate is onder mekaar nog nie eers versoen nie.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

| |
|---|
| |

**F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband**

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

..........................................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................................

**Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.**

P.T.O.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

**Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055

Teveel klem word op fisiese eenheid gelê terwyl die Bybel praat van geestelike eenheid Deur klem te lê op fisiese eenheid, het die Sinode nie 'n Bybelse besluit geneem nie.
Ons vertrou dus nie meer die sinodale leierskap nie (onder andere a.g.v. die swak en onbybelse hantering van die gay debat).
Die NGK moet eerder fokus op kerklos en kerkloose lidmate.
Die VGK is besig met 'n komplot teen die NGK om sy taal en kultuur af te breek.

Daar is geen Bybelse getuienis vir fisiese kerkeenheid nie.
Ons het geen vertroue meer in die Sinode en die besluite wat hul neem nie
Hierdie ding gaan skeuring veroorsaak in die NGK.
Moontlik is hierdie die skok wat nodig is om die NGK uit sy slaap wakker te maak en sy lede tot werklike bekering te bring